

**Titel: Waar is jou aanklaers?**  
**Pastor: Fred May**  
**Datum: 2 Mei 2010**  
**Tyd: 08:30**



### **Johannes 8:3-11 NV**

<sup>3</sup> Die skrifgeleerdes en die Fariseërs bring toe 'n vrou wat op owerspel betrap is, en laat haar in die middel van die kring mense staan. <sup>4</sup> Hulle het vir Hom gesê: "Meneer, hierdie vrou is op heter daad betrap waar sy owerspel gepleeg het. <sup>5</sup> Moses het ons in die wet beveel om sulke vrouens te stenig, maar u, wat sê u?" <sup>6</sup> Dit het hulle gevra om Hom uit te lok, sodat hulle iets kon kry waaroor hulle Hom kon aankla. Maar Jesus het gebuk en met sy vinger op die grond geskrywe. <sup>7</sup> Toe hulle aanhou om Hom te vra, het Hy regop gekom en vir hulle gesê: "Laat die een van julle wat 'n skoon gewete het, eerste 'n klip op haar gooi." <sup>8</sup> Daarna het Hy weer gebuk en op die grond geskrywe. <sup>9</sup> Toe hulle hoor wat Hy sê, het hulle een vir een begin wegloop, die familiehoofde eerste. Jesus is alleen agtergelaat saam met die vrou daar in die middel van die kring mense. <sup>10</sup> Toe het Hy regop gekom en vir haar gevra: "Mevrou, waar is hulle? Het nie een van hulle die oordeel oor jou voltrek nie?" <sup>11</sup> "Niemand nie, Here," sê sy. Toe sê Jesus: "Ek doen dit ook nie. Gaan maar en moet van nou af nie meer sonde doen nie."

#### **a: Oortuiging van sonde**

##### **Johannes 3:16-18 NV**

<sup>16</sup> God het die wêreld so lief gehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê. <sup>17</sup> God het nie sy Seun na die wêreld toe gestuur om die wêreld te veroordeel nie, maar sodat die wêreld deur Hom gered kan word. <sup>18</sup> Wie in Hom glo, word nie veroordeel nie; wie nie glo nie, is reeds veroordeel omdat hy nie in die enigste Seun van God glo nie.

##### **Johannes 16:8 NV**

<sup>8</sup> En wanneer Hy kom, sal hy bewys dat die wêreld skuldig is aan sonde, en dat die reg aan my kant is, en dat die oordeel al gekom het.

#### **b: Vry van veroordeling**

##### **Romeine 8:1 NV**

<sup>1</sup> Daar is dus nou geen veroordeling vir dié wat in Christus Jesus is nie.

##### **Romans 8:1 NKJV**

<sup>1</sup> There is therefore now no condemnation to those who are in Christ Jesus, who do not walk according to the flesh, but according to the Spirit.

#### **c: Gewete – die aanklaer**

##### **Hebreërs 10:22**

<sup>22</sup> laat ons tot God nader met 'n opregte hart en met volle geloofsekerheid. Ons harte is immers gereinig van 'n skuldige gewete, en ons liggame is gewas met skoon water.

##### **Liefde se triomf**

##### **Romeine 8:31-35, 38-39**

<sup>31</sup> Wat is nou ons gevolgtrekking oor al hierdie dinge? Dít: God is vir ons, wie kan dan teen ons wees?

<sup>32</sup> Hy het sy eie Seun nie gespaar nie, maar Hom oorgelewer om ons almal te red. Sal Hy ons dan nie al die ander dinge saam met Hom uit genade skenk nie? <sup>33</sup> Wie kan die uitverkorenes van God aankla? God self spreek hulle vry. <sup>34</sup> Wie kan ons veroordeel? Christus Jesus het gesterf, maar meer as dit: Hy is uit die dood opgewek, Hy sit aan die regterhand van God, Hy pleit vir ons. <sup>35</sup> Wie kan

ons van die liefde van Christus skei? Lyding of benoudheid of vervolging, honger of naaktheid, gevaar of swaard?

<sup>38</sup> Hiervan is ek oortuig: geen dood of lewe of engele of magte of teenswoordige of toekomstige dinge of kragte <sup>39</sup> of hoogte of diepte of enigiets anders in die skepping kan ons van die liefde van God skei nie, die liefde wat daar is in Christus Jesus ons Here.

### **Passiewe, behaaglike, geliefde Seun**

#### **Mattheus 3:17**

<sup>17</sup> Daar was ook 'n stem uit die hemel wat gesê het: "Dit is my geliefde Seun. Oor Hom verheug Ek My."

#### **Mattheus 4:3, 6**

<sup>3</sup> Die versoeker het toe gekom en vir Hom gesê: "As U die Seun van God is, sê hierdie klippe moet brood word."

<sup>6</sup> en sê vir Hom: "As U die Seun van God is, spring af! Daar staan mos geskrywe: Hy sal sy engele oor jou opdrag gee en: Op hulle hande sal hulle jou dra, sodat jy nie jou voet teen 'n klip sal stamp nie."

### **d: Vertroue van genade**

#### **Hebreërs 4:14-16 NV**

<sup>14</sup> Terwyl ons dan nou 'n groot Hoëpriester het wat reeds deur die hemele gegaan het, Jesus, die Seun van God, laat ons vashou aan die geloof wat ons bely. <sup>15</sup> Die Hoëpriester wat ons het, is nie Een wat geen medelye met ons swakhede kan hê nie; Hy was immers in elke opsig net soos ons aan versoeking onderwerp, maar Hy het nie gesondig nie. <sup>16</sup> Kom ons gaan dan met vrymoedigheid na die genadetroon, sodat ons barmhartigheid en genade ontvang en so op die regte tyd gered kan word.

#### **Hebreërs 10:14-17, 19, 22 NV**

<sup>14</sup> Deur die één offer het Hy dié wat vir God afgesonder word, vir altyd volkome van sonde vry gemaak. <sup>15</sup> Ook die Heilige Gees betuig dit aan ons. Eers sê Hy: <sup>16</sup> "Dit is die verbond wat Ek met hulle na daardie dae sal sluit, sê die Here. Ek sal hulle my wette in die hart gee, in hulle verstand sal Ek dit skrywe." <sup>17</sup> Dan sê Hy verder: "Aan hulle sondes en hulle oortredings sal Ek nooit meer dink nie."

<sup>19</sup> Broers, ons het dus nou deur die bloed van Jesus vrye toegang tot die heiligdom,

<sup>22</sup> laat ons tot God nader met 'n opregte hart en met volle geloofsekerheid. Ons harte is immers gereinig van 'n skuldige gewete, en ons liggeme is gewas met skoon water.

### **Vrygemaak om te saai**

#### **Lukas 6:37-38 NV**

<sup>37</sup> Moenie oordeel nie, en oor julle sal nie geoordeel word nie. Moenie veroordeel nie, en julle sal nie veroordeel word nie. Spreek vry, en julle sal vrygespreek word. <sup>38</sup> Gee, en vir julle sal gegee word: 'n goeie maat, ingestamp, geskud en propvol, sal hulle in julle hande gee. Met die maat waarmee julle meet, sal ook vir julle gemeet word."